



Patient Sticker

Ingeligte Toestemming: Spinale en Epidurale narkose

- ❖ **Spinale narkose:** 'n Lokale verdowingsmiddel of 'n ander tipe pynmedikasie word in die spinale spasie (in die rug) ingespuut waar dit met die serebrospinale vog meng en sodoende die onderlyf verlam. Die duur van verlamming hang af van die tipe middel en dosis wat ingespuut word en is gewoonlik tussen 4-6 ure.
- ❖ **Epidurale narkose:** 'n Lokale verdowingsmiddel of ander pynmedikasie word in die epidurale spasie (in die rug) ingespuut en gewoonlik word daar ook 'n baie dun kateter in die spasie opgeerg om later weer inspuittings te kan gee. Na die inspuiting is die onderlyf verlam en die graad van verlamming hang af van die tipe verdowingsmiddel en die dosis wat gebruik word.

Beide spinale en epidurale inspuittings word gewoonlik gedoen terwyl u wakker is en regop sit. Die area van die rug waar die inspuiting gedoen word, word gewoonlik eers verdoof en soms kan u vooraf medikasie kry om u rustig te maak. Soms is 'n algemene narkose na toediening van die spinaal of epiduraal aangedui afhangend van die tipe chirurgie wat gedoen word. Indien u dit verkies kan u met sekere prosedures gesedeer word of u kan ten volle wakker wees. Met keisersneë moet u ten volle wakker wees. Dit is belangrik dat u nie probeer loop terwyl u onderlyf nog verlam of verswak is nie. U narkotiseur sal u gedurende die chirurgie monitor en voor ontslag na die saal evalueer.

Voordele van 'n spinale of epidurale narkose

- Uitstekende pynverligting na chirurgie en minder sterk pynverdowners is nodig.
- Naarheid en braking kom minder voor en u kan gouer na die chirurgie begin eet en drink.
- Daar is 'n kleiner risiko vir bloedklonte (DVT) en bloedverlies tydens chirurgie is gewoonlik minder.
- Die effekte op die longe en hart is minder as met algemene narkose.
- Disorientasie by bejaarde pasiënte is minder as met algemene narkose.
- Epiduraalinspuittings met kortisoon word soms gedoen vir pasiënte met rugpyn.

Kontra-indikasies vir spinale en epidurale narkose

- Pasiënte wat middels gebruik wat die bloed verdun soos Warfarin of Plavix.
- Pasiënte met bloedstollings afwykings.
- Allergië vir lokale verdowingsmiddels.
- Sekere senuwee siektes soos MS.
- Infeksie by die inspuitlek of elders.
- Vorige rugchirurgie is 'n relatiewe kontra-indikasie.

Komplikasies: Ten spyte van die beste sorg en die nodige voorsorgmaatreëls is daar altyd 'n risiko vir komplikasies en die wat hier genoem word is nie bedoel om u bang te maak nie maar om u te help om 'n ingeligte besluit te neem. Onthou dit bly u keuse of u 'n spinale of epidurale narkose wil hê en u word aangemoedig om enige onduidelikhede met u narkotiseur te bespreek.

❖ Algemeen

- Duiseligheid, hoofpyn, naarheid, braking en bewe.
- Daling in bloeddruk.
- Pyn, swelling, bloeding of kneusing van die inspuitlek.
- Moeilike urinering.

❖ Minder algemeen

- Erge hoofpyn.
- Jeuk of veluitslag.
- Hoë blok met asemhalings probleme.

❖ Seldsaam

- Infeksie by die inspuitlek.
- Senuweeskade.
- Middeloordosering, konvulsies, hartstilstand.
- Blok werk slegs gedeeltelik of glad nie.

❖ Baie seldsaam

- Permanente senuweeskade met verlamming.
- Bloedstolsel met spinaalkoord besering.
- Hoëblok met verlies van bewussyn.
- Afbreek van naald of kateter in die rug.
- Epidurale abses en meningitis.

Ek _____ het bog
die toediening van Spinale/Epidurale narkose op myself/my afhanklike.

Geteken _____ Datum _____
(Pasiënt, ouer of voog)

Handig asseblief die getekende dokument aan u Sjirurg se kamers -
Dankie